MASCC
MARULENG AFFECTED STAKEHOLDERS & COMMUNITY CONSORTIUM
IN UNITY WE GROW TOGETHER

REG NO: 2026/703733/08
Postnet Suite #375
Private Bag X3008
Hoedspruit, 1380
www.mascc.org.za
info@mascc.org.za
+27 60 696 5242

Inligtingspakket

'n Verenigde stem vir organisasies, ondernemings en individue in die Maruleng-gebied, wat konstruktief met die Maruleng Plaaslike Munisipaliteit skakel om gedeelde diensleweringsuitdagings op te los.

Directors: J Jansen van Vuuren, T van der Meulen, JPK Meintjes

MASCC
MARULENG AFFECTED STAKEHOLDERS & COMMUNITY CONSORTIUM
IN UNITY WE GROW TOGETHER

REG NO: 2026/703733/08
Postnet Suite #375
Private Bag X3008
Hoedspruit, 1380
www.mascc.org.za
info@mascc.org.za
+27 60 696 5242

Waarom die MASCC gestig is

Die Maruleng Plaaslike Munisipaliteit staar, soos talle munisipaliteite regoor Suid-Afrika, beduidende finansiële en hulpbronbeperkings in die gesig. Hierdie beperkings het 'n direkte uitwerking op dienslewering in die Maruleng-munisipale gebied, en raak die huishoudings, ondernemings en gemeenskappe wat op betroubare munisipale dienste staatmaak.

Op individuele vlak het belanghebbendes in die Maruleng-munisipale gebied (organisasies, ondernemings en individue) beperkte invloed en trefkrag omdat hulle nie oor 'n gekoördineerde stem beskik wanneer hulle met die munisipaliteit skakel nie. Klagtes en navrae word dikwels ad hoc, gefragmenteerd en lukraak geopper. Dié werkswyse ondermyn doeltreffendheid en maak dit vir die munisipaliteit moeiliker om hierdie bona fide navrae and klagtes te prioritiseer en daarop te reageer.

Die Maruleng Affected Stakeholders and Community Consortium (“MASCC”) is 'n onpartydige maatskappy sonder winsoogmerk wat onder meer gestig is om dié uitdaging aan te pak. Deur belanghebbendes in 'n verenigde, georganiseerde en geloofwaardige liggaam saam te bring, bied die MASCC 'n gestruktureerde platform vir samewerkende eerder as teenstrydige skakeling met die munisipaliteit. Die MASCC werk met plaaslike owerhede saam om praktiese, pragmatiese en volhoubare oplossings te vind tot die voordeel van alle belanghebbende partye.

Ons doelwitte:

- Bedryf kwalifiserende openbareweldaadsaktiwiteite vir die breër Maruleng-gemeenskap sonder winsoogmerk, en nie hoofsaaklik vir private of kommersiële voordeel nie.
- Beskerm en rehabiliteer die natuurlike omgewing en waterhulpbronne deur bewaring, omgewingsbewustheid, vergroening, skoonmaakaksies, voorkoming van besoedeling, verantwoordelike afvalbestuur en volhoubare ontwikkeling.
- Bevorder menseregte en openbare veiligheid, gesondheid en welstand met betrekking tot noodsaaklike openbare dienste en infrastruktuur.
- Fasiliteer betekenisvolle openbare deelname en konstruktiewe skakeling met munisipaliteite, reguleerders, gemeenskappe, professionele persone en ander belanghebbendes.
- Skakel namens lede met die plaaslike munisipaliteit –en regeringsowerhede oor diensleweringsaangeleenthede

Directors: J Jansen van Vuuren, T van der Meulen, JPK Meintjes

REG NO: 2026/703733/08
Postnet Suite #375
Private Bag X3008
Hoedspruit, 1380
www.mascc.org.za
info@mascc.org.za
+27 60 696 5242

- Werk met die munisipaliteit saam om praktiese, hulpbronbewuste oplossings vir diensleweringsuitdagings te vind
- Bied 'n gestruktureerde, verteenwoordigende platform waar organisasies, ondernemings en individue kwessies en voorstelle kan opper en skakeling koördineer

Hoe die MASCC werk

'n Erkende, georganiseerde stem:

MASCC is 'n geregistreerde maatskappy sonder winsoogmerk (MSWO), bestuur deur 'n raad van direkteure uit sy breë ledegeledere. Dit gee die MASCC 'n formele, geloofwaardige status wanneer dit met die munisipaliteit skakel, eerder as om as 'n informele of ad hoc-groep op te tree.

Munisipale skakeling:

Die toegewyde munisipale skakelkomitee bestuur die MASCC se volgehoue skakeling met die munisipaliteit en opper, bevorder en werf steun vir geïdentifiseerde kwessies.

Openbare en gemeenskapsdeelname:

MASCC bevorder openbare deelname aan aangeleenthede rakende die omgewing, gemeenskap, openbare dienste en infrastruktuur wat die breër Maruleng-gemeenskap raak, nie net sy betalende lede nie. Dit sal jaarliks minstens een ope gemeenskapsterugvoersessie hou vir insette oor openbare behoeftes, projekprioriteite en diensleweringskwessies, en verslag lewer oor wesenlike projekte en munisipale skakeling.

Nie-lede kan kwessies en voorstelle deur 'n toeganklike kanaal indien. MASCC sal gereelde gemeenskapsterugvoersessies aanbied en poog om jaarlikse gemeenskapsopsommings oor geïdentifiseerde kwessies en vordering te publiseer.

Directors: J Jansen van Vuuren, T van der Meulen, JPK Meintjes

MASCC
MARULENG AFFECTED STAKEHOLDERS & COMMUNITY CONSORTIUM
IN UNITY WE GROW TOGETHER

REG NO: 2026/703733/08
Postnet Suite #375
Private Bag X3008
Hoedspruit, 1380
www.mascc.org.za
info@mascc.org.za
+27 60 696 5242

Lidmaatskapklasse en -kategorieë

Klas	Kategorieë
Stemgeregtigde Lede	ORGANISASIES 'n Organisasie wat 'n gemeenskap of georganiseerde belanghebbende in die Voordeelgebied verteenwoordig:
	ONDERNEMINGS 'n Kommersiële of korporatiewe entiteit wat in die Voordeelgebied bedryf word:
	INDIVIDU 'n Natuurlike persoon / inwoner in of eienaar van eiendom in die Voordeelgebied wat nie in die Organisasie- of Ondernemingskategorie val nie
Nie-stemgeregtigde lede	Ondersteuningslede

Waarom by die MASCC aansluit?

- Daar is krag in nommers: 'n Gekoördineerde, verenigde stem dra meer gewig by 'n munisipaliteit as individuele ad hoc griewe en voorstelle.
- Direkte verteenwoordiging: lede het deur stemreg en verteenwoordiging in die raad inspraak in die kwessies wat geopper word, sowel as die MASCC se prioriteite.
- Deursigtigheid: gereelde, openhartige terugvoering oor aangeleenthede wat geopper is en die vordering wat met die hantering daarvan gemaak is.

Directors: J Jansen van Vuuren, T van der Meulen, JPK Meintjes

MASCC
MARULENG AFFECTED STAKEHOLDERS & COMMUNITY CONSORTIUM
IN UNITY WE GROW TOGETHER

REG NO: 2026/703733/08
Postnet Suite #375
Private Bag X3008
Hoedspruit, 1380
www.mascc.org.za
info@mascc.org.za
+27 60 696 5242

- Professionele skakeling: MASCC sal konstruktief en professioneel, eerder as konfronterend, met die munisipaliteit skakel met die doel om praktiese, pragmatiese en volhoubare oplossings te bereik.
- Gemeenskapsimpak: buiten voordele vir die geregistreerde ledetal, beoog MASCC om billike en volhoubare diensleweringsuitkomste vir die hele Maruleng-gemeenskap te bereik.

Raak betrokke

As u meer oor MASCC wil uitvind, of u belangstelling om lid te word wil registreer, kontak ons asseblief:

Amorie Botha
Kantooradministrateur
Web: www.mascc.org.za
Facebook: MASCC – Maruleng Affected Stakeholder & Community Consortium

Directors: J Jansen van Vuuren, T van der Meulen, JPK Meintjes